

Donderdag 23 September

Skrifgedeelte: Judas:4, 5

Fokusgedeelte: Judas:4, 5
(1983-vertaling)

Stry vir die oorgelewerde geloof

Die feit dat jy verlos is, beteken nie dat alles nou vanself en gemaklik gaan wees nie. Intendeel – gelowiges kan verwag dat daar stryd gaan wees. Hoewel dit Judas se voorneme was om aan die gelowiges te skrywe oor die verlossing waaraan hulle deel gehad het, het hy van plan verander omdat daar 'n wesentliche bedreiging onder die gelowiges na vore gekom het. Sekere mense, dwaalleraars, het naamlik in die ongemerk in hulle geledere binnegedring. Hierdie mense het hulle skuldig gemaak aan losbandigheid en seksuele sondes. Dit het hulle geregtig deur die genade van die Here te misbruik as dekmantel om losbandig te lewe. In die verdere nadenke uit die brief sal daar nog baie oor die mense geskryf word.

Vir vandag lê die klem op die feit dat ons as gelowiges waaksaam moet wees. Die feit dat hierdie mense ongemerk deel van hulle geword het, dien tot 'n ernstige waarskuwing ook tot ons as gelowiges. Die duiwel is listig en val nie net die kerk van die Here van buite af aan nie, maar ook van binne af. Mense kan selfs die Bybel gebruik om hulle sondige leefwyse te regverdig.

Die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (vs 3), is die fondament waarvoor daar gestry moet word. Dit verwys waarskynlik na die apostels wat die evangelie aan die vroeë gelowiges oorgedra het, wat dit weer op hulle beurt aan nuwe gelowiges gebring het. Daar het reeds iets van belydenisvorming plaasgevind. Vir hierdie belydenis moet daar gestry word.

Belydenisse wat uit die Woord van God ontstaan het, dien vandag nog tot vastigheid waarmee aan die ware geloof in Jesus Christus vasgehou kan word. Ons is bevoorreg om sulke belydenisse te hê wat ons kan gebruik wanneer daar dwaalleringe van buite en ook van binne die kerk van die Here ontstaan.

Natuurlik gaan die vermaning nie net oor “hulle” nie. Ons moet ons elkeen afvra of ons nie self, onder die dekmantel van die vryheid wat die genade in Jesus Christus vir ons gebring het, ook maar lewe soos wat ons gemaklik vind en dalk selfs ander ook in die proses mislei nie.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3

Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)